

GRAAD 12 GEDIG 10
By die robot in Eerstelaan – Marita van Aswegen

A INLEIDING

Hoe sal dit voel om elke oggend wakker te word en nie te weet of dit lig of donker is nie, om staat te maak (*to depend on*) op geluide (*sounds*) om agter te kom of dit al dag is ... om voel-voel op te staan en rond te beweeg. Om blind te wees is erg, maar om blind én arm te wees, moet baie sleg wees, want jy is aan ander mense se genade oorgelaat (*be at the mercy of others*). Soms misbruik (*abuse*) mense ander se blindheid om hulleself te verryk (*enrich*).

Sommige mense wat by verkeersligte staan en bedel (*beg*), doen dit omdat hulle te lui is om te werk. Ander maak of hulle 'n gebrek (*disability*) het en bedel geld omdat hulle kamstig nie kan werk nie. Daar is ongelukkig ook dié wat regtig 'n gebrek het en deur ander mense misbruik word.

Hierdie gedig gee vir ons 'n kykie na 'n universele probleem: misdadigers (*criminals*) wat mense dwing om te bedel en dan die geld vir hulle vat. In hierdie gedig word 'n blinde ou man deur 'n tsotsi gedwing om te bedel.

B GESELS

1. Kry 'n mens bedelaars net in stede?
2. Gesels oor bedelaars op straathoeke. Moet dit toegelaat word of nie? Hoekom sê jy so?

C ONTLEDING

1. **Alliterasie:** “so styf en seer”. (versreël 2)
2. **Inversie/omgekeerde woordorde:** versreël 17: Die strofe begin met die geluid (*sound*).
3. **Klanknabootsing:** “twee pare voete **girts** oor die teer”.
4. **Polisindeton:** Die digter noem 'n klomp verskillende ding op, maar verbind dit met “en”. So word elke ding beklemtoon.
5. **Rymskema: paarrym** (aabb), behalwe strofe 6 wat **kruisrym** het (abab).
6. **Sintuiglike waarneming** (*sensory perception*): Jy neem waar deur middel van jou sintuie (*to observe by means of your senses*): “voete **girts**” (hoorsintuig). “sy asem **ruik na bier**. (reuksintuig).
7. **Tema:** Oorgelewer aan ander se genade (*be at the mercy of others*).
8. **Stemming:** Neerdrukkend (*depressing*).
9. **Uiterlike bou:** Agt strofes van vier reëls elk. **Paarrym** behalwe strofe 6 waar **kruisruim** voorkom. Die gedig het 'n **vaste ritme**: dit help die leser om te voel wat die blinde bedelaar ervaar – elke dag se roetine is dieselfde en hy is vasgevang (*trapped*) in 'n situasie waaruit hy nie kan loskom nie.
10. **Innerlike bou:** Die inhoud van die gedig teken vir die leser 'n prent van hoe die dag verloop.
11. **Titel:** dit sê presies waar die gebeure afspeel – by 'n spesifieke verkeerslig. Die titel kan ook simbolies wees – daar is ook 'n Tweedelaan, Derdelaan, ens. waar dieselfde lotgeval

(*misfortune*) mense tref. Dit kan ook 'n **figuurlike** betekenis hê – dat die blinde soos 'n robot rondgelei word.

12. **STROFE 1:**

“twee pare voete” (versreël 1) suggereer daar is twee mense.

Klanknabootsing: “girts” (versreël 1)

Versreëls 2-4 beskryf die blinde se situasie: hy voel styf, seer en lam en moet gaan waar hy gelei word.

s-alliterasie: “**s**y arm en nek **s**o **s**tyf en **s**eer” (versreël 2)

13. **STROFE 2:**

Versreël 5: robot word rooi en motors hou stil.

Klanknabootsing: “knars” en “klingel” (ook **alliterasie** van die **k**-klank).

Versreël 7 suggereer hy is honger (hy *ruik* die vis-en-tjips)

14. **STROFE 3:**

Versreël 9: **polisindeton** en **rymwoorde:** “word gepluk en geruk en hy skrik” – beklemtoon hoe die tsotsi hom mishandel.

Versreël 11: 'n dreigement oor wat sal gebeur as die geld te min is.

Versreël 12: die tsots “sis” – hy is soos 'n slang en ruik na drank.

15. **STROFE 4:**

Versreëls 13, 14 en 16 beskryf die vrees van die blinde ná die dreigement.

Die **w**-alliterasie en **aa**-assonansie (versreël 16) beklemtoon sy ervaring.

Klanknabootsing: “klik” en “brul” (versreël 14) dui op die verkeer (*traffic*) wat vinnig beweeg.

16. **STROFE 5:**

Begin met 'n geluid (*sound*), “trieng”. **Inversie:** die geluid word beklemtoon.

Klanknabootsing: “trieng trieng” (versreël 17) en “klik” en “skuur” (versreël 19) – die verkeer kom tot stilstand.

Versreël 20: 'n amperse **herhaling** van versreël 2 – dit bevestig (*confirms*) sy aanhoudende (*continuous*) pyn en ongemak (*discomfort*). Die **s**-alliterasie beklemtoon dit.

17. **STROFE 6:**

Klanknabootsing: “tjier” en “dreun” (versreël 21)

Versreëls 22-23: die blinde se emosies en gevoel – hy wil liewers sterf.

Versreël 24: die veragtelikheid (*despicableness*) van die bende **kontrasteer** met die blinde se broosheid (*fragility*): die blinde (en die leser) *hoor* hoe die tsotsi die slym (*phlegm*) diep agter uit sy keel opsuig en met 'n straal op straat uitspoeg vir almal om te sien.

18. **STROFE 7:**

Versreël 25: die leser *hoor* die geld “klingel” in die blikkie voordat die geldstuk tot stilstand kom. Hy *hoor* die duiwe “koer” en ’n kind “jil” (*gives cries of pleasure*). Dit is ’n direkte kontras met sy situasie. Hy weet nou ook sommer die ma gaan vir hom geld gee – “en hy wag” (versreël 28)

19. STROFE 8:

Die vrou gee vir die blinde tien rand. Dit is **ironies** dat die vrou sê dit is om kos te koop, want net daarna *hoor* die honger blinde hoe die stotsi lag, wetend (*knowing*) dat die stotsi die geld vir homself gaan vat.

D WOORDVERKLARINGS

1. **bande skuur oor die teer** (*sound of the tires on the road*): die geluid van die bande
2. **duiwe koer** (*sound of doves cooing*): die geluid wat die duiwe maak
3. **gedwee** (*submissive*): gehoorsaam, onderworpe
4. **ingehaak** (*link arms with someone*): ’n arm onder die gekromde arm van iemand deursteek
5. **kindjie jil** (*a child shouts or cries*)
6. **klingel** (*jingle*): ’n klinkelende geluid
7. **knars** (*creak*): knars
8. **lêplek**: slaapplek
9. **piep ’n dogtertjie sag** (*says a little girl in a tiny voice*)
10. **tsotsi**: Leeglêer wat misdade pleeg, gewoonlik deel van ’n bende (*gang*)